



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS HUISTAAL V2**

**FEBRUARIE/MAART 2014**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 80**

**Hierdie memorandum bestaan uit 28 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**NASIENRIGLYNE**

- As ’n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. (Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)
- As ’n kandidaat in Afdeling A al vier vrae oor die gesiene gedigte gedoen het, word die eerste twee gedigte se vrae nagesien.
- As ’n kandidaat in Afdeling B en C twee kontekstuele vrae of twee opstelvrae gedoen het, word die eerste vraag nagesien en die tweede vraag word geïgnoreer. As ’n kandidaat al vier die vrae in Afdeling B en C beantwoord het, word die eerste vraag in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.
- As ’n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
- As ’n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.
- Daar word aangeneem dat sinonieme ook korrek sal wees.
- Opstelvraag: Gedig sowel as die roman/drama
  As die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy, hom-/haarself gepenaliseer het.
  As die opstel te lank is, laat ’n oorskryding van ’n maksimum van 50 woorde toe en ignoreer die res van die opstel.
  Die memorandum is slegs ’n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word.
- Kontekstuele vrae: As ’n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar ’n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
- Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir MENING/LUG JOU MENING-vrae, word die punte verdeel: 1 punt vir MENING/LUG JOU MENING en ’n punt vir die rede/motivering/aanhaling.

## AFDELING A: GEDIGTE

### VRAAG 1: OPSTELVRAAG

**Busrit in die aand – Elisabeth Eybers**

**Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR GEDIGTE nagesien.**

**Inhoud**

| | |
|---|---|
| Kode 7 | 7 gemotiveerde feite |
| Kode 6 | 6 gemotiveerde feite |
| Kode 5 | 5 gemotiveerde feite |
| Kode 4 | 4 gemotiveerde feite |
| Kode 3 | 3 gemotiveerde feite |
| Kode 2 | 2 gemotiveerde feite |
| Kode 1 | 1 gemotiveerde feit |

**Taal en styl:**
Beoordeel volgens die rubriek

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen subopskrifte in die opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal.
- Vir volpunte by inhoud word die aantal feite by die subopskrif aangedui.

**Inleiding**

- Die kandidate kan enige gepaste inleidingsparagraaf aanbied, bv.
- Die stemming van die gedig is baie belangrik omdat dit die tema van die gedig beklemtoon.

**Die stemming (1 feit) en hoe die tema daarby aansluit (2 feite)**

- Die stemming is morbied/terneergedruk.
- Die tema van *Busrit in die aand* is die mens wat aan sy omstandighede uitgelewer is wat 'n morbiede/terneergedrukte/vasgevange/geroetineerde/uitsiglose stemming by die spreker laat.
- Die tema van geroetineerdheid lei tot 'n neerdrukkende stemming, want elke dag is presies dieselfde.

**Die woordgebruik wat tot die stemming bydra (3 gemotiveerde feite)**

- In die eerste strofe dra die woorde *elk*, yl, *suf* en *monde moeg gesluit* daartoe by dat die werkers alleen, eensaam en morbied voel en ook nie hul werk geniet nie.
- In strofe 3 beskou die werkers hulself as *buit* in 'n *kaperskuit*, hulle is dus in hul omstandighede vasgevang en kan nie maklik ontsnap nie, wat tot die terneergedrukte stemming van die werkers bydra.
- Die woorde *ploeg* en *stormsee* om die bus se moeisame tog mee te beskryf dra daartoe by dat daar nie vrolikheid heers nie.

- Die *slawe* wat huis toe gebring word, sluit by die nimmereindigende roetine aan en dié geroetineerdheid dra tot die neerdrukkende stemming van die gedig by.
- Die werkers van die stad is ook uitgelewer aan die vervoermiddel en die wyse hoe die bus ry, wat 'n morbiede stemming veroorsaak: *hyg*, *skok*, *snork*, *swoeg* en *waggel*.
- In strofe 5 word die frase *jammerlik hul lot* gebruik wat die neerdrukkende/ morbiede stemming versterk – die werkers is aan hul lot uitgelewer en daar is nie wegkomkans nie.

**Motiveer of daar 'n sikliese gang in die gedig aangetref word (1 gemotiveerde feit)**

- In die laaste strofe word die strekking van die eerste strofe herhaal, die somber/neerdrukkende/morbiede/geroetineerde/vasgevange stemming word in 'n siklus herhaal en ook daarvan kan die werkers nie ontsnap nie.

**Slot**

- Die kandidate kan enige gepaste slotparagraaf aanbied, bv.
In hierdie gedig word die morbiede/neerdrukkende/vasgevange stemming versterk deur die woordgebruik en die sikliese gang wat ontsnapping nie moontlik maak nie. **10**

**OF**

**VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG**

**'n tipe epistemologie van water – Breyten Breytenbach**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 2.1 | Die hemel waaruit die reën val, word beskryf./Die manier hoe die reën val (skeef), word beskryf.√ | 1 |
| 2.2 | Metafoor √ | 1 |
| 2.3 | Die woorde dra effektief tot die tema by aangesien die weerligstrale die omvang van die natuurramp/vloed belig. √√ | 2 |
| 2.4 | 'n Mens verwag groei en moontlikheid van nuwe lewe by *landerye*; hier is net chaos en dood *(tafels)* teenwoordig. √√ | 2 |
| 2.5 | *nood/vrees* √ | 1 |
| 2.6 | 'n Ark is 'n vaartuig wat tydens 'n vloed/waterramp gebruik kan word (nes Noag dit gedoen het). √ | 1 |
| 2.7 | Die dood word verder omskryf. √ | 1 |
| 2.8 | Om die voortgang van die rolbeweging te illustreer. √ | 1 |
| | | **10** |

**OF**

**VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG**

**Kwatryne – Ina Rousseau**

| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
|---|---|---|
| 3.1 | Alles handel oor die teater./<br>In al die kwatryne kom ’n waarneming voor. √ | 1 |
| 3.2 | *aanskou/wag/agter* √ | 1 |
| 3.3 | Hy/sy is al lank reeds gereed gemaak/gegrimeer./<br>Hy/sy wag op instruksies van die Regisseur √ | 1 |
| 3.4 | Die mens het nie altyd beheer oor sy lewe nie/dui op aanvaarding en vertroue in die Regisseur se leiding./<br>Dui aan dat die Regisseur in beheer is./<br>Jy kan nie net doen wat jy wil nie. √ | 1 |
| 3.5 | Metafoor √ | 1 |
| 3.6 | *As* √ | 1 |
| 3.7 | Die mens is op sy eie./neem sy eie besluite.<br>In die werklike lewe moet die mens sy probleem self oplos./is dit elke persoon vir hom-/haarself./<br>Niemand gaan in die agtergrond staan en vir jou raad gee en “voorsê” soos ’n souffleur nie. √ | 1 |
| 3.8 | Deur die dubbelpunt/die hoofletter/plasing aan die einde van die kwatryn √ | 1 |
| 3.9 | Ja, almal van ons leef volgens bepaalde riglyne; en ons weet dat as ons verkeerd leef/speel, sal ons tereggewys word./as die mens nie riglyne in sy lewe het nie, sal hy nie weet wat reg/verkeerd is nie./die moderne mens twyfel oor die Godheid en dus die hiernamaals./<br>Ja, almal van ons is akteurs op die verhoog van die lewe./vertolk rolle volgens die Groot Regisseur se plan. √√<br><br>OF<br><br>Nee, hoekom sal die mens twyfel oor ’n godheid, daar is reeds baie bewyse./natuur en natuurwonders is getuienis van ’n groter mag. √√ | 2 |
| | | **10** |

**OF**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

### Sonsverduistering – PJ Philander

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | lig – donker/lewe – dood √ | 1 |
| 4.2 | Assonansie van die a of ui wat 'n donker/somber vokaal en diftong is/<br>Inversie van die woordorde/voorplasing van "Langsamerhand"<br>Komma na die eerste woord/<br>Vierlettergrepige woorde waarmee die gedig begin √ | 1 |
| 4.3.1 | *dreigend/swart* (r. 3)<br>*vreemde/skemerte* (r. 4) √ | 2 |
| 4.3.2 | Dit skep 'n duidelike beeld van donkies wat ordelik, asof ingespan, terughaas stal toe./heen en weer slinger./<br>Dit dui die donkies se manier van beweeg aan./<br>Dit versterk/ondersteun die alliterasie van die s in "stalwaarts". √ | 1 |
| 4.4 | Dit beklemtoon dat alle mense, die totale mensdom, onder die skaduwee van die sonde leef./<br>Dit beklemtoon juis hoe groot die skaduwee van die sonde is, want dit hang oor alle mense.<br>Hiperbool/oordrywing (dat dit al die mense/ganse mensdom is) word uitgehef. √ | 1 |
| 4.5 | Die rymskema skei die eerste agt reëls wat oor diere handel (die oktaaf/beeld) van die laaste ses reëls wat oor mense handel (die sestet/toepassing)./<br>Dit wys dat die eerste agt reëls en laaste ses reëls (d.w.s. oktaaf en sestet) oor verskillende sake handel. √ | 1 |
| 4.6 | Dat die mensdom/alle mense hulle onderwerp aan die sonde/die sonde dus aanvaarbaar vind/hulle skik na die sonde √ | 1 |
| 4.7 | In die eenheid wat verkry word deur dieselfde beelde/gedagtes in die eerste agt reëls en laaste ses reëls te gebruik./<br>In die verdieping wat plaasvind van *sonsverduistering* na sondeverduistering./<br>In die verdieping wat plaasvind van dom diere na intelligente mense toe. √√ | 2 |
| | | **10** |

**EN**

## VRAAG 5: OPSTELVRAAG

### sondae – Rosa Smit

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR GEDIGTE** nagesien.
LET WEL:

- **Dis 'n breë raamwerk van feite.**
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen subopskrifte in opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal.
- Vir volpunte by inhoud word die aantal feite by die subopskrif aangedui.

**Inhoud**

Kode 7 7 gemotiveerde feite
Kode 6 6 gemotiveerde feite
Kode 5 5 gemotiveerde feite
Kode 4 4 gemotiveerde feite
Kode 3 3 gemotiveerde feite
Kode 2 2 gemotiveerde feite
Kode 1 1 gemotiveerde feit

**Taal en styl:**
Beoordeel volgens die rubriek

**Inleiding**

- Die kandidaat verskaf 'n gepaste inleiding, bv.
  Rym en stylfigure (veral kontras) ondersteun op 'n subtiele manier die spreker se siening oor Sondae.

**Wat kontras is: (1 feit)**

- 'n Kontras is wanneer twee uiterstes teenoor mekaar gestel word.

**Hoe die paarrym die kontras wat in die gedig voorkom, ondersteun (2 feite)**

- In reël 7–8 word die woorde blye *tyding* (impliseer nie skeiding met God nie) met *skeiding* gekontrasteer wat in rymende posisies staan.
- In reël 9–10 bied die woord *lui* die suggestie van uitnodiging/uitbeweeg terwyl die gesin in die huis *bly./*nie kerk toe gaan nie.

**'n Verduideliking van die kontras wat in dié gedig voorkom (3 gemotiveerde feite)**

- *eenuur eet ons bone rys en nagereg met room*: die ete is 'n eenvoudige ete (sonder vleis)/karige ete, maar hier teenoor staan die *nagereg met room* wat eintlik luuks is.
- *ons kind 'n dolbly voëltjie* teenoor *orals tekens van verdriet/geen blye tyding* : die kind hardloop bly rond, maar rondom hom is daar hartseer/verdriet en nêrens word daar van iets positief gelees nie.
- *aanddiens-klok wat in die bodorp lui* teenoor *deure sluit*: *die aanddiens-klok lui* juis om mense uit te nooi/uit hulle huise kerk toe te gaan, maar hier sluit die mense hulle deure toe.
- Die huismense wat *binne bly,* sluit hulle af van die *blye tyding.*
- Die huismense se saamwees teenoor *God en mense se skeiding*.

**Die geslaagdheid al dan nie van die gebruik van kontras in die gedig (1 gemotiveerde feit)**

- *eenuur eet ons bone rys en nagereg met room*
  Die kontras is geslaagd, aangesien dit duidelik die eenvoud van die gereg (slegs *bone* en *rys*)/hoofgereg kontrasteer met die nagereg met (luukse) *room.*/
- *ons kind 'n dolbly voëltjie* teenoor *orals tekens van verdriet/geen blye tyding*
  Die kontras is geslaagd, aangesien dit duidelik die blydskap van die kind/gesin uitlig teenoor al die hartseer rondom hulle.
- *aanddiens-klok wat in die bodorp lui* teenoor *deure sluit*
  Die kontras is geslaagd, aangesien dit die aksie van die sluit laat uitstaan bo die uitnooi na die kerk. Dit wys duidelik die verwydering tussen God en die mens.

**Slot**

- Die kandidaat verskaf 'n gepaste slot, bv.
  Die spreker se siening aangaande Sondae word deur rym en kontras gekontrasteer. **10**

**OF**

**VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG**

**sondae – Rosa Smit**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 6.1 | Die meervoud van die woord *Sondag*/afwesigheid van die hoofletter by die woord *sondae* dui daarop dat hierdie dag geensins spesiaal is nie, eintlik eenvoudig./Die gesin doen weeksdagwerkies en nie spesiale Sondagdinge nie. √ | 1 |
| 6.2 | (Rymende) koeplette √ | 1 |
| 6.3 | Hulle plant blomme./<br>Hulle eet saam./<br>Hulle lees die koerant saam./<br>Hulle sluit die deure. √ | 1 |
| 6.4 | Die woord is geslaagd. √<br>**EN**<br>Die woord dui op die fisiese kleinheid van die kind en die teerheid/liefdevolheid wat die spreker vir haar kind voel./<br>'n Voël het vryheid en daarom is hy bly soos die kind.<br>'n Voëltjie is klein net soos hierdie kind./<br>Die woord dra tot die metrum/ritme van die gedig by./<br>Die woord voëltjie word met saadjies geassosieer. √<br>**OF**<br>Die woord is nie geslaagd nie. √<br>**EN**<br>Die kind is nie 'n voëltjie nie. √ | 2 |
| 6.5 | Hulle eet 'n eenvoudige ete, maar daar is 'n luukse nagereg. √ | 1 |
| 6.6 | Die tekens van verdriet/slegte nuus.<br>Die skeiding tussen God en die mens. √ | 1 |
| 6.7 | Lang klanke(s)-klanke/ √ | 1 |
| 6.8 | Die afwesigheid van leestekens (enjambement) verdoesel die rym/gee 'n vloeiendheid aan die gedig./ondersteun die atmosfeer in die gedig./beklemtoon die volgende woord in die volgende reël/strofe. √√<br><br>*Die kandidaat kan enige TWEE antwoorde aanbied vir TWEE punte.* | 2 |
| | | 10 |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**EN**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

### VRAAG 7: OPSTELVRAAG

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.
LET WEL:

- **Dis 'n breë raamwerk van feite.**
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen subopskrifte in opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal.
- Vir volpunte by inhoud word die aantal feite by die subopskrif aangedui.

**Inleiding**

- Die kandidaat verskaf 'n gepaste inleidingsparagraaf, bv. 'n Motto/Gedeelte wat voor in 'n roman voorkom, is 'n aanduiding van hoe die roman gelees moet word.

**Hoe jy die roman volgens die motto moet lees (1 feit)**

- Die leser moet die humor in die roman geniet./Die motto dui aan dat die roman nie met erns bejeën moet word nie.

**Die rol wat die Engel in Iris se lewe speel (5 feite)**

- Die Engel het vir die eerste keer in Parys aan Iris verskyn sodat sy nie alleen in die vreemde hoef te voel nie.
- Iris het hom as haar beskermengel beskou wat haar teen die gevare van alleenwees in New York moes beskerm.
- In New York het die Engel as beskermengel vir Iris gewaarsku om nie alle mense/Joe Pryor met die verwisseling van geld te vertrou nie.
- Die Engel het in New York Joe Pryor se woorde bevestig dat Iris 'n mooi prentjie maak en so is haar selfvertroue 'n hupstoot gegee.
- Die Engel tree as haar gewete in New York op toe hy haar teregwys waar sy in New York vir Joe Pryor jok om nie tyd saam met hom te bestee nie.
- Die Engel wys Iris daarop dat sy ook aan ander mense/hul gemak moet dink toe hy Iris daarop wys dat Peter moeg was en nie op sy eerste aand wou uitgaan nie.
- Hy was ook die beskermengel in Iris se lewe wat haar gewaarsku het voordat die seun op die skaatsbord vir Iris middeldeur kon kloof.
- Die Engel wys vir Iris daarop dat dit dwaas was om haar naam aan enige blomgeleentheid te koppel toe sy in New York oorweeg het om die modelkontrak te aanvaar aangesien dit haar blomgeleentheid was.
- Die Engel veroorsaak dat Iris se fantasiewêreld oorbevolk raak en Iris raak van Greta, Eduard en Peter ontslae.
- Die Engel help vir Iris om tot belangrike insig te kom waar hy haar vra om haar toekoms op te droom en te besef dat daar geen verband tussen haar naam en haar lewe was nie/dat haar lewe uit onsamehangende flardes bestaan.

**Die verskillende wyses waarop Peter (Iris se man), sy pa, Iris se ma en Iris se ouma die Engel beskou**
**(6 gemotiveerde feite**)
*Die kandidaat moet minstens een gemotiveerde feit by elkeen van hierdie karakters noem.*
Peter
- Peter het nie die Engel ernstig opgeneem nie en spottenderwys in New York vir Iris gesê dat haar beskermengel haar sal beskerm terwyl sy in New York is.
- Alhoewel Peter nie geglo het dat die Engel bestaan nie, was hy tog bereid om toegewings te maak solank sy nie met antieke Chinese praat nie.
- Peter het die Engel in Iris se lewe aanvaar omdat die Engel nie te opdringerig opgetree het nie.

Peter se pa
- Peter se pa was skrikkerig vir die Engel en het gedink dat Iris gesigte sien.
- Die oom het die Engel as ’n gees beskou en vir Iris gesê om nie die geeste saam te bring toe sy na die broeiwyfies gaan kyk het nie.

Iris se ma
- Iris se ma was heeltemal gewoond aan die Engel, want haar ma (Iris se ouma) het ook ’n Engel gesien.
- Die teenwoordigheid van die Engel is as alledaags beskou en daar is elke aand ’n plek aan die etenstafel gedek.

Iris se ouma
- Iris se ouma het na aanleiding van wat die Engel gesê het, alle onheilighede met Oupa gestaak en Oupa moes sy intrek in die spaarkamer neem.
- Die Engel was deel van Ouma se lewe vandat sy uit die hospitaal gekom het en hy was ’n Raadgewer/Beskermer vir Ouma.

**Jou beoordeling of die Engel deel van die werklikheid vorm en of die motto geslaagd is (3 gemotiveerde feite)**
Ja, **die Engel** het deel van die werklikheid gevorm.
- Die Engel het ’n stofstreep met sy vlerk op Iris se bed in die hospitaal gemaak, daarom kon hy nie deel van Iris se verbeelding vorm nie.
- Die Engel het geweet dat Bettie in die badkamer was en hulp nodig gehad het, dus moes hy werklik bestaan.
- Die Engel het aan die einde van die roman sigbaar in die tuin gewandel.

Nee, **die Engel** het nie deel van die werklikheid gevorm nie.
- Alhoewel die Engel deel van die roman is, is hy eerder deel van die magiese-realisme/fantasiewêreld waar onsekerheid heers of hy werklik bestaan of nie.
- Die Engel was eerder deel van Iris se gewete wat haar gehelp het om besluite te neem indien sy onsekerheid beleef het.
- Iris en haar ouma is die enigste mense wat die Engel gesien het, ’n karakter kan nie in die werklikheid bestaan as die ander karakters hom nie kan sien nie.
- **Die motto** is geslaagd aangesien dit die leser daarop voorberei dat die boek humoristies is en dat selfs die motiewe/Engel nie ernstig opgeneem moet word nie.

**Slot**
- Die kandidaat verskaf ’n gepaste slotparagraaf, bv.
  Die motto van die boek dra daartoe by dat die vergesogte inhoud in die boek nie ernstig opgeneem word nie. **25**

**OF**

**VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG**

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 8.1 | Sy was by ’n partytjie./Peter se woonstel. √<br>Sy het besluit om saam met Peter na sy woonstel te gaan/by Peter te slaap/haar maagdelikheid te verloor. √ | 2 |
| 8.2 | Sy is ’n dromer/leef in ’n wêreld van haar eie. √<br><br>Sy skep die karakters Peter, Gretha en Eduard in haar drome./<br>Terwyl Elsa trou, is sy in haar droomwêreld besig met hierdie karakters en vergeet om die ruiker aan te gee./<br>Terwyl sy by dr. Anders werk, leef sy in haar fantasiewêreld./<br>Terwyl die instrukteur vir die polisieman vertel hoe die ongeluk gebeur het, het sy na die duiwe gekyk/in haar eie wêreld verdwaal. √ | 2 |
| 8.3 | Pa en Ma het dieselfde “kwaal” gehad./<br>Pa en Ma praat in onklaar sinne/luister min. √ | 1 |
| 8.4 | Nes haar huisgesin het die instrukteur ook nie na haar geluister nie. √ | 1 |
| 8.5 | Konflik tussen karakters (uiterlik) √<br>Nadat Iris aan die instrukteur vertel het dat sy werklik nie kon bestuur nie, √ is die instrukteur die volgende dag met iemand anders vervang. √<br><br>OF<br><br>Konflik met omstandighede, waardes (innerlik) √<br>Iris het ’n wrewel teenoor die instrukteur gevoel en nadat sy die motor gestamp het, √ is die instrukteur die volgende dag met iemand anders vervang. √ | 3 |
| 8.6.1 | ’n Eerstepersoonsverteller/ek-verteller./Iris as fokalisator. √ | 1 |
| 8.6.2 | Nee<br>Dis nie ’n alomteenwoordige verteller wat almal se gedagtes ken (wat hier aan die woord is) nie./’n eerstepersoonsverteller is aan die woord. √<br>Die instrukteur weet nie wat Iris se bedoeling was nie/Iris is die verteller. √ | 2 |
| 8.7.1 | Parys/Frankryk/Kara en Claude se woonstel √ | 1 |
| 8.7.2 | Dis ’n ruimte waarin sy vreemd en uitgesluit/alleen en eensaam voel./Sy bevind haar tussen mense, maar voel alleen./<br>Die Engel stel haar net gerus na die opmerking van die Fransman. √ | 1 |
| 8.8 | Billy wou haar aflaai omdat sy ’n rassis was.<br>Die taxibestuurder (wat haar en Joe na die modelagentskap vervoer het) het hewig van rat verwissel en in die truspieëltjie gekyk.<br>Die hotelklerk se kommentaar, nadat hy gehoor het sy kom van Suid-Afrika, was snedig/snydend/sarkasties/veroordelend/het hy gesê: “That figures!”√ √√<br><br>*Die kandidaat kan enige drie antwoorde vir drie punte aanbied.* | 3 |

| | | |
|---|---|---|
| 8.9 | Hy is Iris se gewete./raadgewer./beskermengel./laat haar tot insig kom./<br>Die Engel tree as ’n karakter in die roman op. √ | 1 |
| 8.10 | Geskoktheid/onsekerheid/onthutsheid/ontsteltenis/verbystering √<br>“gaan skuil tot ek gekalmeer het”/“ek het gevlug.” √ | 2 |
| 8.11.1 | Joe/Die fotograaf in New York √ | 1 |
| 8.11.2 | Ja.<br>Ek sou die geleentheid aangegryp het, want liefde is die belangrikste in my lewe./<br>Ek sou die geleentheid aangegryp het, want Peter sou dit vir my gegun het./vir my gewag het.√√<br><br>**OF**<br><br>Nee.<br>Ek sal graag die geleentheid aangryp om ’n model te word aangesien ek graag deur die wêreld wil toer. √√<br><br>*Die kandidaat kan enige motivering aanbied, die motivering bepaal die punte* | 2 |
| 8.12 | Iris se beroepe wat sy gekies (tandartsassistent) of nie gekies het nie (model) was daarop gebaseer dat sy nog nie die volmaakte sintese/blomtyd bereik het nie soos wat *Die kwart-voor-sewe-(lelie*) in die titel daarop dui dat die volmaakte blomtyd/sewe-uur nog nie bereik is/aangebreek het nie. √√ | 2 |
| | | **25** |

**OF**

**VRAAG 9: OPSTELVRAAG**

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.
LET WEL:

- **Dis ’n breë raamwerk van feite.**
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen subopskrifte in opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal.
- Vir volpunte by inhoud word die aantal feite by die subopskrif aangedui.

**Inleiding**

- Die kandidaat verskaf ’n gepaste inleidingsparagraaf, bv.
  *Manaka Plek van die Horings* word as titel die sleutel tot die milieu van die verhaal.

**Die redes hoekom die titel ’n sleutel tot die milieu van die roman is (2 feite)**

- Manaka is die plek waar die verhaal van die Chipmans en Mulambwas afspeel.
- Baas se oupagrootjie (Dennis) het hom in 1872 op die wal van die Zambezi tussen die mense van die Lozi-stam in Barotseland gaan vestig.
- Baas se oupagrootjie word ’n buffeljagter en kap die horings aan die stam van die oewerbome van sy kamp vas en so ontstaan die naam.

- Baas se oupagrootjie word op Manaka ’n legende. Hy wil graag op Manaka in sy oupagrootjie se voetspore volg.
- Die titel dui daarop dat Baas se verhaal hoofsaaklik op Manaka, en nie op Houtboschberg/Sable Ranch, afspeel nie.

**Hoe Baas se oupagrootjie, Joseph Mulambwa én Baas tot die stigting van Manaka bygedra het (4 feite)**
*Die kandidaat moet minstens een feit by elkeen van hierdie karakters noem.*
Baas se oupagrootjie

- Baas se oupagrootjie kap die horings as trofeë rondom sy kamp aan die oewer van die Zambezi vas en Manaka ontstaan.
- Oupagrootjie vestig ’n skooltjie vir die Lozi-kinders waar hulle van Christelike beginsels leer.
- Sy skooltjie se ruwe banke word ’n kerk onder worsbome, Oupagrootjie noem die kerk Manaka Evangelical Mission.

Joseph Mulambwa

- Joseph Mulambwa neem by sy pa (Sitali) as herder in die kerk onder die worsboom oor en sit so die werk van sy pa voort.
- Onder Joseph se leiding word die kerkgeboutjie ’n werklikheid wat ’n permanente struktuur is om die Evangelieboodskap aan die Lozi’s te bring.

Baas

- Baas gaan vestig hom na 92 jaar op ’n vervalle Manaka en beplan om Manaka te herbou.
- Hy bou Manaka weer stelselmatig op tot ’n kerkgemeenskap wat aansluit by sy oupa se strewe.
- Baas word ’n jagter wat die horings aan die boomstamme vaskap en so eienaarskap van Manaka bevestig.

**Die verskillende wyses waarop Baas en Griesel eienaarskap van Manaka geneem het (6 gemotiveerde feite)**
*Die kandidaat moet minstens een gemotiveerde feit by elkeen van hierdie karakters noem.*
Baas

- Baas betaal die khuta ’n jaar vooruit huurgeld vir die grond. Dit dui daarop dat Baas nie planne het om vinnig van Manaka te verdwyn nie.
- Baas raak onwillekeurig by die mense van Manaka betrokke en deel sy malariapille wat daarop dui dat hy ’n deernis vir Manaka se mense het.
- Baas gee die bougainvillea, wat sy oupagrootjie aangeplant het, water wat daarop dui dat groei en vooruitgang vir hom belangrik is/dat hy verantwoordelik vir Manaka voel.
- Baas raak by Ouma Essie en Grace betrokke wat dit moeilik sal maak om later te vertrek.
- Baas raak by die gemeenskap betrokke deur vleis vir hulle te verskaf. Indirek aanvaar hy verantwoordelikheid vir Manaka en sy mense.
- Baas is kwaad as hy agterkom dat hy sy grond met sendelinge moet deel en is blatant onbeskof met Griesel wat “onwettig” sy huis betrek. Dit wys dus dat Baas dit as sy plek beskou.
- Baas is betrokke by die plaaslike bevolking se stryd teen die olifante. Hy doen dit op ’n volhoubare manier. Dit dui daarop dat hy Manaka as sy plek aanvaar.

Griesel

- Griesel sien neer op die Lozi’s en wil nie regtig deel van die sendingstasie word nie.
- Griesel hou by sy gebruike wat daarop dui dat hy nie eintlik op Manaka tuis voel nie.
- Griesel se kleredrag bevestig dat hy nie soos Manaka se mense wil wees nie.

- Griesel neem bloot eienaarskap deur konsessie vir dieselfde grond as Baas te betaal.
- Hy aanvaar egter nêrens verantwoordelikheid nie, nie eens as die olifante die landerye verwoes nie.

**Jou beoordeling of die titel geloofwaardig tot die milieu bydra (3 gemotiveerde feite)**

- Die titel dra geloofwaardig tot die milieu by, aangesien dit die plek is waar die grootste gedeelte van die verhaal afspeel.
- Dit bind Baas onlosmaaklik aan sy oupa en dié se drome.
- Die plek Manaka konfronteer Baas met sy Christenskap – ’n ander plek sou dit nie noodwendig gedoen het nie.

**Slot**

- Die kandidaat gee enige gepaste slot, bv. *Manaka Plek van Horings* is die goue sleutel tot die genot en verstaan van die roman.

**25**

**OF**

**VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG**

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 10.1 | Sy pos as toergids bring hom in aanraking met Barotseland/die Zambezirivier/Mark James se boot wat Baas uiteindelik koop om hom op Manaka te vestig. √ | 1 |
| 10.2 | Hy gee hom sy eerste hond √ en die boek oor die Zambezi versterk sy beheptheid met sy oupagrootjie en dra by tot die verhaallyn. √ | 2 |
| 10.3 | Hy is soekend./<br>Hy is nog seer./<br>Hy was gelukkig daar./<br>Hy het sy familie ontgroei. √ | 1 |
| 10.4.1 | Alwetende verteller/alomteenwoordige/derdepersoonsverteller. √ | 1 |
| 10.4.2 | Hy teken haar as sag en vroulik./<br>Hy gee ’n aanduiding dat sy ’n Christen was./<br>Hy teken haar as iemand wat vriendelik/statig/sorgvry is./<br>Hy gee ’n aanduiding dat sy lief is vir tuinmaak. √ | 1 |
| 10.5 | Hy moet sy boot eers regmaak wat na die ramp beskadig is./<br>Hy moet verstellings aan die boot aanbring./<br>Hy het nie geld om die boot te herstel nie. √ | 1 |
| 10.6.1 | Sy pa-hulle se saagmeule daar was suksesvol en hy was gelukkig./<br>Hy het daar leer werk met hout./<br>Hy het daar leer jag./Hy het daar leer roei op ’n dam./<br>Dit is waar sy drome<br>gestalte gekry het./<br>Hy het daar ’n vriend gehad. √ | 1 |
| 10.6.2 | Hy het onafhanklikheid daar geleer./die kuns om hard te werk daar geleer./ √<br>Dit het sy drome gestalte gegee./<br>Dit het hom vaster aan sy oupagrootjie gebind. √√ | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 10.6.3 | Dat sy pa-hulle die saagmeule verkoop het en beesboere geword het./<br>Hy is spyt dat hy hulle na die eerste terroriste-aanval nie van die plaas af weggeneem het nie. √ | 1 |
| 10.7 | Ja, Christenskap word die sentrale tema./<br>Die worsteling oor sy Christenskap vind gestalte op Manaka as Baas met die sendelinge/ouma Essie/Grace se uitlewing van Christenskap gekonfronteer word./<br>Baas stel nie in godsdiens belang nie/ontken dat hy ’n Christen is; tog tree hy deurgaans volgens die Christelike norme op. – help dié in nood./Baas ervaar innerlike konflik./Die kruis wat sy ma gedra het, het dus sy lewe ook beïnvloed.<br>Baas aanvaar uiteindelik sy rol as geestelike leier op Manaka./<br>Baas se stryd met Christenskap en sy aanvaarding van Christus lei daartoe dat Baas ’n geestelike leier op Manaka word. √√√<br><br>*Die kandidaat kan enige DRIE antwoorde vir drie punte aanbied.* | 3 |
| 10.8 | Sy oupagrootjie het die plek destyds gevestig. √ | 1 |
| 10.9 | Ja, hy besluit om nie meer weg te gaan nie, maar ten spyte van die moeilike omstandighede te bly. Hy jaag sy droom na en gaan soek dus die boot./<br>Dit word gesuggereer dat hy die kerk gaan herbou/herstel en so aanvaar hy sy rol as geestelike leier./<br>Dit word ook gesuggereer dat hy Christenskap aanvaar, want hy bid by Ouma Essie se siekbed./<br>Dit word gesuggereer dat Baas en Grace ’n toekoms saam het.√√<br><br>**OF**<br><br>Nee, Baas is uitgelewer, want hy het nie ’n keuse nie./hy het nie meer geld nie./<br>Baas se konflik oor Christenskap is nog nie heeltemal opgelos nie./<br>Baas het nie gesê hy gaan die kerk herbou nie. √√ | 2 |
| 10.10 | Dit dui aan dat hulle saamstem./<br>Dit sluit by die tradisies en gewoontes van die mense van die streek aan./<br>Om aan te dui dat hulle respek vir mekaar het. √√<br><br>*Die kandidaat kan enige TWEE antwoorde aanbied.* | 2 |
| 10.11 | Godsdiens/Christenskap/Die mens ervaar ’n soeke na Christenskap. √ | 1 |
| 10.12 | Nostalgie/Heimwee/Verlange/Gerustheid √ | 1 |
| 10.13 | Hulle verhuur die grond aan sendelinge ook./<br>Hulle hou nie by hulle ooreenkoms met Baas nie. √ | 1 |
| 10.14 | Hy is lief vir geld en dring aan op meer geld van die sendelinge, ten spyte daarvan dat Baas ’n jaar se huur vooruit betaal het./<br>Kebbey probeer om Daaiman as hoofman te onttroon./<br>Hy probeer Baas manipuleer om met hom ’n vennootskap in sy pontbesigheid te sluit./<br>Hy leen altyd geld by Grace wat hy nie terugbetaal nie./<br>Hy betaal nie vir vleis nie./<br>Hy’s betrokke by ’n diamantsmokkelaar./<br>Hy probeer Grace in ’n huwelik dwing. √√√<br><br>*Die kandidaat kan enige DRIE antwoorde vir DRIE punte aanbied.* | 3 |

**[25]**

**OF**

## VRAAG 11: OPSTELVRAAG

### *VATMAAR* – AHM Scholtz

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.
LET WEL:

- **Dis ’n breë raamwerk van feite.**
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen subopskrifte in opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal.
- Vir volpunte by inhoud word die aantal feite by die subopskrif aangedui.

**Inleiding**

- Die kandidaat voorsien die opstel van ’n gepaste inleidingsparagraaf, bv. Die aanhaling “ ’n Lewendagge verhaal van ’n tyd wat nie meer is nie, is die sleutel tot die verhaal.”

**Die redes hoekom Vatmaar ontstaan het (2 feite)**

- Oom Chai het ’n plan gekry vir wat die Engelse ’n settlement noem.
- George Lewis het na ’n plek gesoek waar hy op sy eie saam met Ruth kon bly, opsy van sy en haar mense.
- Aan die einde van die Tweede Vryheidsoorlog het die Engelse die Cape-boys afbetaal.
- Baie bruin- en swartmense is deur die oorlog ontwortel. Hierdie mense het nou ’n heenkome gesoek.
- Vatmaar word ’n toevlugsoord vir mense wat nie andersins ’n heenkome kon vind nie./elders welkom is nie./nie in ’n rassistiese gemeenskap ’n tuiste kon vind nie.

**Hoe Oom Flip, Oupa Lewies en Hans du Plooy bygedra het tot Vatmaar se ontwikkeling (4 feite)**

Oom Flip

- Min van Vatmaar se mense het vervoer gehad. Oom Flip het ’n kar en ’n perd gekoop. So het sy droom om ’n transportbesigheid te hê, verwesenlik en ook Vatmaar help ontwikkel. Hy het die boumateriaal van die kerk en kliniek gratis aangery. Elke eerste Woensdag van die maand vervoer hy die pensioenarisse na Du Toitspan.
- Hy skenk ook twee toilette aan die kerk wat anders is as die geriewe waaraan hul gewoond was. Dit was dus ’n stap nader aan moderne geriewe.
- Oom Flip het ook ’n blikkitaar gekoop en tesame met Tommy Lewis se grammofoon, het hul musiek gemaak wat tot ’n dansery onder die jongklomp gelei het. So het die Stokvel ontstaan wat die jongmense iets gegee het om hul mee besig te hou.

Oupa Lewies

- Oupa Lewies het vir Ta Vuurmaak ’n gietvorm gegee sodat hy kon bakstene maak en dit aan die toekomstige inwoners kon verkoop.
- Met hierdie gietvorm het Ta Vuurmaak weer vir ander werklose mans werk gegee wat bydra tot die ontwikkeling van Vatmaar, sowel as die opheffing van die mense.

Hans du Plooy

- Hans du Plooy sou die mense van Vatmaar van hulp bedien.
- Hy het tien stoele,’n tafel en tafeldoek en ’n kruik geskenk.
- Hans du Plooy kom drie Sondae van die maand na Vatmaar om die Woord aan die mense te bedien. Hierdie behoefte aan georganiseerde godsdiensbyeenkomste bring die mense van Vatmaar saam.

**Die kontras tussen vandag en *'n tyd wat nie meer is nie* ten opsigte van eienaarskap, menseverhoudinge en geletterdheid (6 gemotiveerde feite)**
*Die kandidaat moet minstens een gemotiveerde feit by elkeen van eienaarskap, menseverhoudinge en geletterdheid noem.*

**Eienaarskap**
- Indien jy vandag 'n erf/stuk grond sou koop, behoort dit aan jou./is jy die eienaar daarvan. In Vatmaar het niemand eiendom besit nie.
- In Vatmaar het jy 15 sjielings vir die vier hoekpenne en 5 sjielings jaargeld aan die dorpsraad van Du Toitspan betaal, maar nooit 'n erf besit nie.

**Menseverhoudinge**
- Vandag is liefde oor die kleurgrens aanvaarbaar en wettig. Hierdie soort verhoudings word dus aanvaar en hierdie mense is nie meer verworpenes nie.
- In 'n tyd wat nie meer is nie, was hierdie soort verhoudings nie aanvaarbaar nie en moes hierdie mense, bv. Oom Lewis en Ruth, na Vatmaar uitwyk.
- Vandag word mense met waardigheid aangespreek en skeldname is nie meer vandag aanvaarbaar nie.
- In 'n tyd wat nie meer is nie, was skeldname aan die orde van die dag.

**Geletterdheid**
- Alhoewel geletterdheid vandag nog 'n probleem is, is dit al heelwat minder./Kinders het vandag die reg op opvoeding en daar is 'n verskeidenheid programme wat ongeletterdheid beveg.
- In 'n tyd wat nie meer is nie, was feitlik almal op Vatmaar ongeletterd. Alhoewel daar 'n skool met 'n gekwalifiseerde onderwyseres was, moes die kinders in Engels onderrig word en dit was 'n struikelblok.

**Jou beoordeling of hierdie wel *'n tyd is wat nie meer is nie* (3 gemotiveerde feite)**
Alhoewel baie dinge verander het, soos bv. die wet op gemengde huwelike en eienaarskap van grond, het daar tog baie kwessies wat in Vatmaar aangespreek word, gebly.
- Ons sien vandag nog steeds 'n mate van ongeletterdheid by ons bevolking. Nog steeds word kinders in 'n taal onderrig wat hulle nie verstaan nie.
- Ons sien nog steeds klasseverskille onder al die bevolkingsgroepe. Bevolkingsgroepe noem mekaar ook nog steeds lelike name.
- Binne gemeenskappe kom daar nog steeds jaloesie en geskinder voor.
- Nog steeds is daar misbruik en geweld teen vroue.
- So ook word drank nog steeds in gemeenskappe misbruik en is daar nog steeds armoede.
- Hierdie is dus nie 'n tyd wat nie meer is nie.

**Slot**
- Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste slot, bv.
  Die tyd in Vatmaar wat nie meer is nie, bestaan vandag nog wel.

**OF**

**VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG**

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 12.1 | Heinrich is Kaaitjie en Kenny se kind en Suzan maak Heinrich groot. √√ | 2 |
| 12.2 | Alhoewel Kenny by haar in die huis gebly het, het sy verkies om nie ’n kamer met hom te deel nie./moet eers trou voordat hulle kan saam kan slaap. √ | 1 |
| 12.3 | Kenny het die kliniek laat oprig (ter ere van Kaaitjie.) √ | 1 |
| 12.4 | Sy godsdienstigheid/omgee. √ | 1 |
| 12.5 | *“... en die instructions.”* √<br>Hy het iets vir Vatmaar se mense beteken./Hy kon daardeur vir Vatmaar se mense help. √ | 2 |
| 12.6 | Sy kom sê dat Tant Wonnie se huis aan die brand is. √<br>Suzan was verantwoordelik vir die brand./Hulle het alles wat hul besit, as gevolg van die brand verloor. √√ | 3 |
| 12.7 | Die feit dat sy weer niks in Vatmaar gaan besit nie, het haar laat besluit om Vatmaar te verlaat./<br>Die feit dat haar omgewing waarin sy moet bly, weer een van groot armoede gaan wees, het haar laat besluit om Vatmaar te verlaat. √ | 1 |
| 12.8 | Die predikant wou nie die viering bywoon nie./Oom Chai is nie Katoliek nie. √ | 1 |
| 12.9 | Hy gebruik woorde soos: *gelag*, *vrolik*, *vonkelwynglans*/<br>Hy verwys na die gesing van die jongmense./<br>Die verteller beskryf die optrede/handelinge van die karakters wat tot die vrolike stemming bydra. √ | 1 |
| 12.10 | Die titel dui aan dat die mense goed sommer net vat./Hier vat die mense kos skelm huis toe. √ | 1 |
| 12.11 | Sy was ongetroud swanger √ wat ongehoord/onaanvaarbaar in Vatmaar was. √ | 2 |
| 12.12 | Nee, ek het nie simpatie nie, want ongetroude dames moenie swanger word nie./<br>Ja, ek het simpatie met Kaaitjie, want ’n mens trap maklik in daardie strik. √<br><br>*Leerder gee eie mening wat antwoord ondersteun.* | 1 |
| 12.13 | Hy was op pad na sy broer √ om die Familiebybel vir hom te gee. √ | 2 |
| 12.14 | Hy ontmoet Bettie. √<br>Die verloop van sy lewe verander, want oom Chai raak ’n jaloerse en bespotlike ouman/<br>Hy probeer hom jonk hou./<br>Sy jonkhou veroorsaak sy vroeë dood. √√<br><br>*Die kandidaat kan enige TWEE antwoorde aanbied.* | 3 |

| | | |
|---|---|---|
| 12.15 | Nee, ek stem nie saam nie.<br><br>Die mense het onder mekaar geskinder./Die mense was nydig op mekaar. √<br><br>**EN**<br><br>Dit het veroorsaak dat Tant Wonnie besluit het om nie Vatmaar se mense se God te aanbid nie./<br>Die mense het mekaar gestereotipeer/in klasse verdeel./<br>Settie September laat Tant Wonnie valslik aankla van diefstal./<br>Dit het haar van haar menswaardigheid gestroop. √√<br><br>*Die kandidaat kan enige TWEE gevolge noem* | 3 |
| | | **25** |

**TOTAAL AFDELING B: 25**

**EN**

**AFDELING C: DRAMA**

Beantwoord EEN vraag.

**VRAAG 13: OPSTELVRAAG**

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.
LET WEL:

- **Dis ’n breë raamwerk van feite.**
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen subopskrifte in opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal.
- Vir volpunte by inhoud word die aantal feite by die subopskrif aangedui.

**Inleiding**

- Die kandidaat verskaf ’n gepaste inleiding, bv.
  Die drama (protesdrama) handel oor die ontwortelde gemeenskap.

**Die redes vir die ontworteling van die gemeenskap (2 feite)**

- Die Groepsgebiedewet van 1950 het bepaalde gebiede vir bepaalde rasgroepe toegeken.
- Distrik 6 is as wit gebied verklaar en die inwoners was verplig om te verhuis.
- Die inwoners is verplig om na die Kaapse Vlakte te verhuis.
- Die huise is ge-*bulldoze* om plek vir ontwikkeling te maak.

**Maud en Cavernelis se reaksie op hul lewens as ontworteldes (4 feite)**

- Maud sê aan Cavernelis dat hulle nie ’n *bloody chance* staan om te ontsnap nie, dus is sy ekstra werk verniet.
- Maud beskou die ander inwoners as skorriemorries, *layabouts*, *loafers* en skuim wat sy nie meer kan hanteer nie.
- Maud noem aan Cavernelis dat hulle vasgevang is en hier moet uit.
- Maud noem dat hulle weet dat die *government* wie se skuld die ontworteling is, sleg is.
- Cavernelis is van mening dat dié ruimte nie *decent* is nie en spaar geld om ’n plotjie grond en ’n hys *somewhere* else te koop.
- Cavernelis stem saam met La Guma dat hulle in *bloody prisons* woon en daar wil uitkom.

**Die invloed van hierdie omstandighede op La Guma en Blanchie (6 gemotiveerde feite)**

La Guma

- La Guma hardloop in die townships om fiks te bly, sodat wanneer die ontsnapkans kom, hy gereed is.
- La Guma voel verbitter dat hulle hul goeie omstandighede in Claremont/Woodstock vir hierdie *matchbox* huise moes verruil.
- La Guma kla dat dit nie meer so maklik is om by die werk te kom as wat dit voorheen was nie, nou is *busfares* en *trainfares* nodig.
- Volgens La Guma het die *group areas legislation* eintlik ’n *big prison* veroorsaak waaruit die inwoners nie kan ontsnap nie.
- Hy voel fatalisties/sien geen ontsnapkans nie, volgens La Guma word jy onder die *breadline* gebore en sal so sterf.
- La Guma het sinies geraak en voel dat gebede en geloof nie eers hoop kan gee nie, hy kan nie verstaan dat daar nog mense is wat in die Here en al daai jazz glo nie.
- La Guma is op soek na ’n identiteit, want dit is die *secret of living*./Hy voel identiteitsloos en noem dat elkeen in die township op die een of ander manier wil belong en dat almal *search for something*, op soek na ’n identiteit is.
- La Guma koester ’n wrok jeens die regering omdat dié hom uit sy *history* ge-*bulldoze* het en na die kaal Cape Flats *matchboxes* laat verhuis het met sand en die *southeaster* op sy *worst*.

Blanchie

- Blanchie voel vasgevang in die township en sal enige iets doen om van haar omstandighede te ontsnap.
- Blanchie werk by die *Lonely Hearts* masseursalon en sy is moontlik deur Cavernelis beïnvloed om enige werk te doen om uit die omstandighede te ontsnap.
- Terwyl Cavernelis net die beste van Blanchie verwag, tree sy net soos die ander in dieselfde omstandighede op: Sy word deur die wit mans van Constantia verlei vir geld/sy wil vir haar ’n modeltoekoms koop, want dit is ’n beter toekoms./word ’n prostituut.
- Blanchie kom met Cavernelis en Maude in konflik oor die gekanselleerde modelkontrak en beskuldig Cavernelis. Dit lei tot Cavernelis se selfmoord.

**’n Beoordeling van die aktualiteit van die roman (3 gemotiveerde feite)**

Die drama *Krismis van Map Jacobs* is nog steeds aktueel, want:

- Gedwonge verskuiwings vind nog steeds plaas en diegene wat hierdeur geraak word, is uitgelewer aan omstandighede waaraan hulle niks kan doen nie.
- Diegene wat in ’n armoede-spiraal vasgevang is, kan nie maklik ontsnap nie, want jy beskik nie oor die geldelike middele om te ontsnap nie.
- Die ontworteldes woon in plakkerskampe en is uitgelewer/beskik nie oor die moontlikheid om te ontsnap nie.

Die drama *Krismis van Map Jacobs* is nie meer aktueel nie, want:

- Apartheidswetgewing is afgeskaf en in die nuwe Suid-Afrika gebeur gedwonge verskuiwings nie meer op grond van rasse nie.
- Daar word baie geld in arm gemeenskappe geploeg om hulle op te hef, dus het die omstandighede nie 'n negatiewe invloed op die mense nie.
- Protes aangaande die onregverdigheid van die apartheidsbeleid is nie meer nodig in 'n land waar daar nie meer apartheid geld nie.

**Slot**

- Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste slot, bv.
  In hierdie drama tref ons 'n werklike blik op die leefwyse van die ontworteldes aan. **25**

**OF**

**VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG**

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 14.1.1 | Kerrim √ | 1 |
| 14.1.2 | Dit raak die simbool van kinders/mense in die township wat misbruik/gemanipuleer word. √<br>Die mense wat uitgelewer is/rondgeskuif word deur die politieke amptenary. √ | 2 |
| 14.2 | Hy beskuldig haar van geveinsdheid/dubbele standaarde/valsheid. √<br>*... even op die Sondag...* √ | 2 |
| 14.3.1 | Na Blanchie se werk as prostituut/by die masseursalon √ wat Cavernelis goedkeur omdat dit geld inbring. √<br>Cyril keur dit nie goed nie en daarom staan hy vyandig teenoor die Cavernelis-gesin. √ | 3 |
| 14.3.2 | Vasgevangendheid in 'n uitsiglose bestaan/Strewe om die situasie te verbeter. √ | 1 |
| 14.4 | Hy is eerlik/nie pretensieus nie./<br>Hy gee nie voor nie/is op die man af/draai nie doekies om nie. √ | 1 |
| 14.5 | Ja, in die gedeelte word Cyril die karakter wat die mense se gewete aanspreek./Hy wys die verkeerde uit./Hy is eerlik. √<br>**OF**<br>Nee, hy is venynig en dit maak mense seer./hy boelie Cavernelis en Maud. √ | 1 |
| 14.6.1 | Kaapse Vlakte/Township/die straat van die Kaapse Vlakte √ | 1 |
| 14.6.2 | Ja, Maud is vasgevang in haar woonstel; sy kom nooit uit nie. √ | 1 |
| 14.7 | Sy het nie die modelkontrak gekry nie. √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 14.8 | Maud voel verneder/almal gaan nou vir hulle lag. √<br>Sy sê sy is ’n jintoe/sy is ge-*use* en ge-*dump*/sy was dom om te dink sy *belong* daar/hulle is *bloody fools*. √<br>Op die ou end pleeg Cavernelis selfmoord. √ | 3 |
| 14.9 | Hy sê dat ander se besigheid nie syne is nie, maar dan skinder/praat hy tog daaroor/maak dit sy besigheid. √√<br><br>Hy is ’n kwaadstoker/skinderbek. √<br><br>*Beide kante by ironie moet genoem word, dus 2 of 0* | 3 |
| 14.10 | Daar is ’n verwydering tussen Map en Blanchie./<br>Blanchie en Map het mekaar nog nie weer gesien nadat hy van haar werk uitgevind het nie./<br>Map en Blanchie het nog nie weer met mekaar gepraat nadat hy op parool vrygelaat is nie./<br>Map en Blanchie het mekaar nog nie vergewe nie. √ | 1 |
| 14.11 | Sy het haar pa daarvan beskuldig dat hy verantwoordelik is vir haar mislukte lewe/haar drome wat verpletter is wat lei tot sy selfmoord. √<br>Sy het gaan werk by die *Lonely Hearts-club*/vir die wit mans./Constantia. √ | 2 |
| 14.12 | Ja<br>Die dramaturg wil die leser bewus maak van die belangrikheid van vergewensgesindheid EN dat eerlikheid alle probleme uit die weg ruim. √√ | 2 |
| | | **25** |

**OF**

**VRAAG 15: OPSTELVRAAG**

***MIS* – Reza de Wet**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.
LET WEL:

- **Dis ’n breë raamwerk van feite.**
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen subopskrifte in die opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal.
- Vir volpunte by inhoud word die aantal feite by die subopskrif aangedui.

**Inleiding**

- Die kandidaat skryf enige gepaste inleidingsparagraaf bv.
  In hierdie drama kry die leser 'n blik op mense se ingeperktheid en hulle hunkering na 'n beter bestaan.

**Die redes vir die sukkelbestaan (2 feite)**

- Gedurende 1929–1936 het Gabriël, Miem en hulle kind, Meisie, die sogenaamde Groot Depressie beleef.
- Hulle het in groot armoede en ellende verval en uitgeboer./Kon uiteindelik net 'n klein plotjie met 'n armoedige huis op oorhou.
- Gabriël kon die skande en vernedering nie uitstaan nie en het in die solder van die huis gaan wegkruip, waar hy hom reeds vir sewe jaar bevind. Die huisgesin funksioneer dus nou sonder 'n pa.
- Miem en Meisie het aan die lewe probeer bly deur mis te verkoop.
- In daardie tyd het mense baie eng en benouend geleef en in alles vreemds/nuuts/anders die bose/onheilige gesien waarvan kinders weggehou moes word.
- Kinders is baie streng/outoritêr/Calvinisties/met 'n ysterhand grootgemaak.
- Op 31 Augustus van die vorige twee jaar het daar telkens 'n jong meisie verdwyn wat bydra tot 'n vreespsigose en Meisie binne-in die huis gevange hou.

**Wat Miem, Meisie en Gabriël van hulle sukkelbestaan sê (4 feite)**

*Die kandidaat moet minstens een feit by elkeen van hierdie karakters noem.*

Miem

- Miem mis die nagsê van haar man wat vanweë hul sukkelbestaan in die solder wegkruip, want sy huil wanneer Konstabel vir haar nagsê.
- Miem wil Meisie graag getroud sien, want sy sê Gabriël sal dan van die solder afkom. Dit sal haar sukkelbestaan dan ophef.
- Miem sê hul kan nie 'n huishulp bekostig nie, daarom werk Meisie so hard.

Meisie

- Meisie vertel dat sy aanhoudend werk om die pot aan die kook te hou/nie deur haar ma toegelaat word om buite die huis gewone jongmensaktiwiteite te geniet nie/nie die sirkus mag bywoon nie./soos 'n gevangene in die huis moet bly./deur haar ma gemanipuleer word.
- Meisie vertel dat hulle mis moet verkoop/daar hope mis om hulle huis lê en die reuk/vlieë/fyn stof van die mis maak die lewe vir haar baie onaangenaam.
- Sy moet daagliks/aanhoudend die huis/vensters/plek skoonmaak/die reuk van die mis skrik besoekers/kêrels/vriende af.

Gabriël

- Gabriël praat nooit. Hy skree sy frustrasie uit om van al sy opgekropte gevoelens ontslae te raak.

**Die invloed wat die beperkende omstandighede op Miem en Meisie het (6 gemotiveerde feite)**

*Die kandidaat moet minstens een gemotiveerde feit by elkeen van hierdie karakters noem.*

Miem

- Miem beskou haar as die beskermer van Meisie se liggaam, siel en gees. Sy wil Meisie nie eers toelaat om na die sirkusliggies te kyk nie, want om te dink, is om te doen.
- Miem is nie baie gesond nie/herinner Meisie gedurig aan haar ongehoorsaamheid wat bygedra het tot Miem se ongesteldheid wat Meisie manipuleer tot gehoorsaamheid en onderdanige gedienstigheid.

- Miem gee aanhoudend vir Meisie opdragte/bevele en neem besluite namens Meisie, goed wat Meisie gelate moet aanvaar soos wanneer die Konstabel wil voel hoe sy lyk.
- Miem se eensaamheid/armoede/harde werk/siektetoestand veroorsaak dat sy toenemend afhankliker van Meisie raak en dit perk Meisie se vryheid al meer in.
- Gabriël se afwesigheid veroorsaak dat Miem aanhoudend hard moet werk om aan die lewe te bly, gevolglik smag albei toenemend na uitkoms en ’n beter bestaan.
- Miem se eensaamheid en verlange na die teenwoordigheid van ’n man in haar lewe lei tot die heimlike hoop dat Gabriël van die solder sal afklim wanneer Meisie trou.
- Miem besluit om Meisie aan Konstabel af te smeer. Sy glo dat Gabriël sy dogter sal wil afgee wanneer sy trou./uit die solder te voorskyn sal kom.
- Die feit dat Miem manlike geselskap mis, veroorsaak dat sy teenoor Konstabel haar eensaamheid bely/in hom ’n vertroueling sien/Konstabel toelaat om alleentyd saam met Meisie deur te bring. Die bied Konstabel en Meisie geleentheid om planne te beraam en te verdwyn.
- Miem se uiters konserwatiewe blik op die lewe veroorsaak dat sy die patriargale polisiemag/polisieman blindelings glo/vertrou/in die huis verwelkom. Dit lei daartoe dat Meisie uiteindelik saam met hom verdwyn.

Meisie

- Meisie word die meeste deur die omstandighede ingeperk omdat sy jonk is en daagliks aanhoudend moet werk/haar ma se bevele lei tot frustrasie en ontevredenheid/ondankbaarheid.
- Meisie se verlange na die opwindende/eksotiese/vryheid buite die huis veroorsaak dat sy een nag skelm by die huis uitgeglip het om na die sirkus te gaan kyk, maar haar ma het haar daar gaan haal en gedurig aan haar ongehoorsaamheid herinner./lei tot herhaalde verwysings na die ongehoorsaamheid wat Miem gebruik om haar tot gehoorsaamheid en gedienstigheid te dwing.
- Meisie mag nie die sirkus besoek nie omdat dit volgens haar ma boos/onheilig/’n euwel is. Sy loop eenkeer weg, maar haar ma hoor die tuinhekkie en kom haal haar.
- Meisie se naamloosheid dra by tot die feit dat sy identiteitloos is, eintlik nie gereken word nie. Dit verander wanneer die Konstabel sê dat haar name mooi is en dit gebruik.
- Gabriël se afwesigheid veroorsaak dat Meisie aanhoudend hard moet werk om aan die lewe te bly, gevolglik smag albei toenemend na uitkoms en ’n beter bestaan.
- Miem dra by tot Meisie se smagting na ’n lewe buite die huis waar sy vry kan wees en opwindende goed, soos die sirkus, kan beleef/wat bydra tot haar ongehoorsaamheid om aanhoudend deur die venster na die sirkusliggies te loer/wat weer tot spanning en konflik met haar ma lei. Uiteindelik kies sy om saam met Konstabel te verdwyn in ’n poging om vryheid te bekom.
- Miem se outoritêre beheer oor Meisie se lewe, liggaam en gees bring Meisie in opstand, maar sy word gemanipuleer om gedienstig en inskiklik te wees a.g.v. die omstandighede en haar ma se sg. ongesonde toestand./dwing Meisie uiteindelik om uit te breek deur die vryheid wat Konstabel haar aanbied, te gryp./prikkel Meisie se belangstelling in die sirkus en fassineer haar wat lei tot haar belangstelling in die fratse./veroorsaak dat sy die konstabel maklik glo en saam met hom wegloop.

**’n Beoordeling van die aktualiteit van die drama (3 gemotiveerde feite)**
Die tema is baie aktueel, want

- Baie kinders van ons tyd leef steeds onder baie moeilike/armoedige omstandighede en loop liewer van die huis weg in die hoop om elders ’n beter bestaan te maak, bv. straatkinders. Dit lei tot groter ellende, dwelms en dood.
- In baie huise is daar steeds geweldige eng, konserwatiewe sienings/rigiede outoritêre gesag wat veroorsaak dat baie kinders uiters ongelukkig/ontevrede/gefrustreerd is en selfmoord pleeg/wegloop/gryp na drank of dwelms of ander maatskaplike strooihalms.

- Baie egskeidings in ons tyd is ’n aanduiding dat een/albei partye die situasie wil ontvlug en daarom lyk egskeiding na ’n oplossing.
- In baie huise is omstandighede so swak dat kinders vroeg die skool verlaat om iewers te werk t.w.v. oorlewing en in ’n poging om hulle (en hulle ouers se) omstandighede te verbeter.

Die tema is nie aktueel nie, want
- Kinders geniet deesdae ongelooflik baie vryheid en kan kom en gaan net soos hulle wil/is tot ’n groot mate gewoond aan onbeperkte vryheid omdat ouers baie lang ure werk en nie tuis is nie/nie omgee nie.
- Ouers is deesdae gehoorsaam en kinders hiet en gebied ouers om na hulle pype te dans.
- Kinders is deesdae wêreldwys/ingelig oor die gevare verbonde aan vreemdelinge/weet dat jy nie polisielede kan vertrou nie en sal nie dieselfde fout maak om saam met ’n vreemde konstabel weg te loop nie.
- Kinders hoef glad nie meer so hard te werk nie en het baie vrye tyd waarin hulle kan eksperimenteer met die lewe en feitlik alles beproef.

**Slot:**
- Die kandidaat kan enige gepaste slotparagraaf aanbied, bv.
  Vir hierdie karakters het vryheid teen ’n baie duur prys moontlik geword. **25**

**OF**

**VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG**

***MIS* – Reza de Wet**

| Vraag- | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 16.1 | Miem het Konstabel uit die huis gejaag omdat hy Gabriël as moordenaar/verkragter verdink het. √ | 1 |
| 16.2 | Dit beklemtoon die woord *mis* wat die titel van die drama is./<br>Dit sinspeel op die misverstand oor Konstabel as konstabel. √ | 1 |
| 16.3 | Sy wil nie hê Konstabel moet vertrek en hulle alleen agterlaat nie./<br>Dis belangrik dat Konstabel by hulle moet bly om hulle op te pas./<br>Sy wil hê Konstabel moet in Meisie belangstel. √ | 1 |
| 16.4 | Daar kom telkens ’n ellips in sy spreekbeurt voor. √ | 1 |
| 16.5 | Dit wys op sy skynheiligheid/oneerlikheid, want dit is ’n baie groot guns./<br>Dit wys hy gee voor wat hy nie is nie./gee voor dat hy vroom/opreg/aarselend praat./<br>Hy beplan om Meisie te ontvoer/saam met hom te vat/voer gruwelike planne in die mou/bedrieg die vroue skaamteloos. √ | 1 |
| 16.6.1 | Hy is nie eerlik nie, want hy wil hul bedrieg om ’n jong meisie te ontvoer. √<br><br>*Kandidaat kan nie eerlik as antwoord aanbied nie.*<br><br>Hy kan sien/maak of hy blind is.<br>Hy het klaarblyklik vantevore twee jong meisies laat verdwyn, waarskynlik op dieselfde manier. √√ | 1<br><br><br><br><br><br>2 |

| | | |
|---|---|---|
| 16.6.2 | Hy wil die ouer vrouens se simpatie wen/hê hulle moet hom bejammer.<br>Hy wil Meisie stelselmatig laat ontspan in sy teenwoordigheid./se vertroue wen./nader aan Meisie kom om haar uiteindelik te beïnvloed om saam met hom weg te gaan. √√<br><br>*Die kandidaat kan enige TWEE doelwitte noem* | 2 |
| 16.7 | Sy is nooit baie spraaksaam nie./<br>Haar ma neem weer namens haar 'n besluit waarmee sy nie saamstem nie./<br>Sy voel ongemaklik met die vreemde man wat aan haar wil vat./<br>Sy kan nie waag om vir haar ma te sê dat sy dit nie wil toelaat nie./<br>Sy is bang om te weier. √√ | 2 |
| 16.8 | Miem is dominerend/baasspelerig/matriargaal/selfsugtig./dink net aan haar eie behoeftes en drome (oor Gabriël wat moontlik uit die solder sal kom wanneer Meisie trou.) √<br><br>**EN**<br><br>Dit bewys die beklemmende, benouende omstandighede waarin Meisie haar bevind en maak dit duidelik waarom Meisie behoefte het om (uiteindelik) saam met Konstabel weg te loop in 'n poging om vryheid te verkry.<br>Dit bevestig ook Miem se soort gevangeskap in eensame, armoedige omstandighede waaraan sy kan ontsnap net as Meisie trou en Gabriël (moontlik) uit die solder kom. √√ | 3 |
| 16.9 | Gertie is jaloers en wil hê Konstabel en Meisie moet inkom. √<br>Miem is kwaad omdat sy wil hê Konstabel en Meisie moet geleentheid kry om mekaar te leer ken. √ | 2 |
| 16.10 | Sy is opgewonde, omdat sy en Konstabel planne gemaak het om later in die aand weg te loop. √ | 1 |
| 16.11 | Ja, dis baie effektief. √<br>Dit herinner die leser/kyker voortdurend aan die opwinding/eksotiese/vryheid buite die huis/<br>Dit dra by tot Meisie en Miem se konflik en veroorsaak dus toenemende spanning./<br>Suggereer subtiel dat Meisie deur haar omstandighede ingeperk word. √ | 2 |
| 16.12.1 | Gertie het self 'n oog op Konstabel. √<br>Sy probeer Meisie in 'n slegte lig stel./Sy wil Konstabel oortuig dat sy nie te oud/koud is vir 'n verhouding nie.√<br>Sy demonstreer dat sy nog jonk en fiks is. √ | 3 |
| 16.12.2 | Konstabel vat Meisie saam wanneer hy vertrek./<br>Konstabel stel nie belang in ouer vroue nie. √ | 1 |
| 16.13 | Die titel is Mis en met die tou en die valdeur word Gabriël se ontlasting/mis vanuit die solder weg geneem.√ | 1 |

**25**

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

| **RUBRIEK VIR DIE ASSESSERING VAN DIE POËSIE OPSTEL**<br><br>**HUISTAAL**<br>**10 PUNTE** | **TAAL**<br>Struktuur, logiese, vloei en aanbieding. Taal toon en styl wat in opstel gebruik word. | -Baie goeie koherente struktuur.<br>- Uitstekende inleiding en samevatting.<br>- Argumente goed gestruktureerd en ontwikkeling is duidelik<br>- Taal, toon en styl volwasse, treffend en korrek. | -Opstel goed gestruktureer.<br>- Goeie inleiding en samevatting.<br>- Maklik om argumente en gedagtegang te volg.<br>- Taal, toon en styl korrek en toepaslik vir doel.<br>- Goeie aanbieding | - Duidelike struktuur & logiese vloei van argumente.<br>- Inleiding, samevatting en ander paragrawe koherent georganiseer.<br>- Kan vloei van argumente volg.<br>- Taal, toon en styl grootliks korrek. | - Sommige bewyse van stryktuur.<br>- Opstel toon gebrek aan struktuur, logika en koherensie.<br>- Minimale taalfoute, toon en styl meestal van toepassing. Paragrafering meestal korrek. | - Bewyse dat struktuur swak beplan is.<br>- Argumente nie logies gerangskik nie.<br>- Taalfoute is sigbaar. Toon en styl nie toepaslik vir die doel van teks nie.<br>- Paragrafering gebrekkig | - Swak aanbieding en gebrek aan beplanning beïnvloed vloei van argumente.<br>- Taalfoute en verkeerde styl veroorsaak onsuksesvolle skryfstuk. Toon en styl nie toepaslik vir doel van teks.<br>- Paragrafering verkeerd. | - Moeilik om te bepaal of onderwerp aangespreek is.<br>- Geen bewyse van beplanning of logiese uiteensetting nie.<br>- Taal is swak. Verkeerde taal en styl.<br>- Paragrafering nie korrek, koherensie ontbreek. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD**<br>Interpretasie van onderwerp. Diepte van argumente, verant\woording en beheersing van gedig | | 7<br>80 – 100% | 6<br>70-79% | 5<br>60-69% | 4<br>50-59% | 3<br>40-49% | 2<br>30-29% | 1<br>0-29% |
| - In diepte interpretasie van onderwerp, alle aspekte ten volle verken.<br>- Uitstaande respons: 90%+. Uitstekende respons: 80 – 89%<br>- Reeks treffende en uitgebreide argumente wat uit gedig ondersteun word<br>- Genre en gedig word uitstekend verstaan. | 7<br>80 – 100% | 8 - 10 | 7 – 7½ | 7 - 8 | | | | |
| - Bo-gemiddelde interpretasie van onderwerp, alle aspekte bevredigend verken.<br>- Uitgebreide respons.<br>-Reeks sterk argumente wat uit gedig ondersteun word.<br>- Genre en gedig word baie goed verstaan | 6<br>70-79% | 7 ½ – 8 ½ | 7- 8 | 6½ - 7½ | 6 - 7 | | | |
| - Verstaan gedig en interpretasie van onderwerp goed.<br>- Redelike uitgebreide respons.<br>- Sterk argumente word gegee, maar dit is nie altyd goed gemotiveer nie.<br>- Genre en gedig word verstaan. | 5<br>60-69% | 7 - 8 | 6½ - 7½ | 6 -7 | 5½ - 6½ | 5 - 6 | | |
| - Redelike interpretasie van onderwerp, nie alle aspekte in gedig verken nie.<br>- Etlike goeie argumente ter ondersteuning van onderwerp.<br>- Meeste argumente ondersteun onderwerp,maar bewyse is nie oortuigend.<br>- Genre en gedig word basies verstaan. | 4<br>50-59% | | 6 -7 | 5½-6½ | 5 - 6 | 4½-5½ | 4 - 5 | |
| - Baie alledaagse, middelmatige poging om vraag te beantwoord.<br>- Baie min diepte in die begrip van en tydens die respons op onderwerp.<br>- Argumente nie oortuigend en baie min bewyse uit gedig.<br>- Leerder het nie volle begrip van genre en gedig nie. | 3<br>40-49% | | | 5 - 6 | 4½-5½ | 4 - 5 | 3½-4½ | 3-4 |
| - Swak begrip van onderwerp.<br>- Respons word herhaal en dit is soms nie ter sake nie.<br>- Geen diepte in argumentering nie, interpretasie verkeerd, ondersteunende argumente nie verantwoordbaar uit gedig nie.<br>- Baie swak begrip van genre en gedig. | 2<br>30-29% | | | | 4 - 5 | 3½-4½ | 3-4 | 1-3½ |
| - Respons soms in verhouding met onderwerp, moeilik om argumente te volg of dit is nie van toepassing nie.<br>- Swak poging om vraag te beantwoord. Paar relevante argumente wat gegee is, is nie verantwoordbaar uit gedig nie.<br>- Baie swak begrip van genre en gedig. | 1<br>0-29% | | | | | 3-4 | 1-3½ | 0-3 |

Kopiereg voorbehou 

## RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DIE DRAMA

**Let op die verskil in die puntetoekenning vir inhoud versus struktuur en taal**

| **KODES EN PUNTETOEKENNING** | | **INHOUD [15]**<br>**Interpretasie van die onderwerp. Grondige argumente, verantwoording en begrip van die voorgeskrewe werk.** | | **STRUKTUUR EN TAAL [10]**<br>**Struktuur, logiese vloei en aanbieding. Gebruik van taal, toon en styl in opstel.** |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| ***Kode 7***<br>**A**<br>**80 - 100%** | **Uitmuntend**<br>**12 tot 15 punte** | In diepte interpretasie van onderwerp, alle aspekte van die onderwerp is ten volle nagevors.<br>Uitstekende reaksie. (90+, uitmuntende reaksie)<br>Reeks pakkende argumente, uitgebreid; ondersteun uit die teks.<br>Uitstekende begrip van genre en voorgeskrewe teks. | **Uitmuntend**<br>**08 - 10 punte** | Samehangende en gestruktureerde opstel.<br>Uitstekende inleiding en afsluiting.<br>Argumente si goed gestruktureerd en duidelik ontwikkel.<br>Taal, toon en styl is gevorderd, treffend en korrek. |
| **Kode 6**<br>**B**<br>**70 - 79%** | **Verdienstelik**<br>**11 punte** | Bo-gemiddelde interpretasie van onderwerp. Alle aspekte van die onderwerp is geskik nagevors.<br>Gedetailleerde reaksie.<br>Reeks grondige argumente is gegee, goed ondersteun uit teks.<br>Baie goeie begrip van genre en teks. | **Verdienstelik**<br>**07 punte** | Opstel is goed gestruktureerd<br>Goeie inleiding en afsluiting.<br>Argumente en gedagtelyn is maklik om te volg.<br>Taal, toon en stylis korrek en gepas vir die doel.<br>Goeie aanbieding. |
| **Kode 5**<br>**C**<br>**60 – 69%** | **Beduidend**<br>**09 of 10 punte** | Toon begrip en het onderwerp goed geïnterpreteer.<br>Taamlik gedetailleerde reaksie op die onderwerp.<br>Sommige grondige argumente is gegee, maar nie almal is baie goed gemotiveer nie.<br>Begrip van genre en teks duidelik. | **Beduidend**<br>**06 punte** | Duidelike struktuur en logiese vloei van argumente.<br>Inleiding, afsluiting en ander paragrawe is samehangend georganiseer. (koherensie)<br>Vloei van argumente kan gevolg word.<br>Taal, toon en styl is grootliks korrek. |
| **Kode 4**<br>**D**<br>**50 – 59%** | **Voldoende**<br>**08 punte** | Taamlike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte is in detail nagevors nie.<br>Sommige goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp.<br>Meeste argumente is ondersteunend, maar bewyse is nie altyd oortuigend nie.<br>Basiese begrip van genre en teks. | **Voldoende**<br>**05 punte** | Geringe bewyse van struktuur.<br>Goed gestruktureerde en logiese vloei en samehang ontbreek.<br>Min taalfoute; toon en styl is meestal gepas.<br>Paragrawe is meestal korrek. |
| **Kode 3**<br>**E**<br>**40 – 49%** | **Matige**<br>**06 of 07 punte** | Baie gewone en gemiddelde poging om die vraag te beantwoord.<br>Baie min diepte en begrip in reaksie op die onderwerp.<br>Argumente nie oortuigend nie en baie min verantwoording uit die teks.<br>Leerder het nie houvas en volle begrip van genre en teks nie. | **Matige**<br>**04 punte** | Beplanning van die struktuur is gebrekkig.<br>Argumente nie logies gerangskik nie.<br>Paragrawe is foutief.<br>Opvallende taalfoute. Toon en styl nie gepas vir die doel nie. |
| **Kode 2**<br>**F**<br>**30 – 39%** | **Basiese**<br>**05 punte** | Houvas op die onderwerp is swak.<br>Reageer herhalend en soms van die punt af.<br>Geen diepte in argumentering; verkeerde interpretasie / Argumente word nie verantwoord uit die teks nie.<br>Baie swak houvas op genre en teks | **Basiese**<br>**03 punte** | Swak aanbieding en gebrek aan beplanning beïnvloed die vloei van die argumente.<br>Taalfoute en foutiewe styl maak opstel onsuksesvol. |
| **Kode 1**<br>**F tot H**<br>**0 – 29%** | **Ontoereikend**<br>**0 tot 5 punte** | Reaksie soms in verhouding met die onderwerp, maar dis moeilik om ontoepaslike argumente te volg.<br>Swak poging om vraag te beantwoord.<br>Min toepaslike punte met geen verantwoording uit die teks.<br>Baie swak houvas op genre en teks. | **Ontoereikend**<br>**00 - 02 punte** | Moeilik om te bepaal of die onderwerp aangespreek word.<br>Geen bewyse van logiese beplanning nie.<br>Geen paragrawe en koherensie nie.<br>Swak taalgebruik. Verkeerde styl en toon. |

Kopiereg voorbehou